JUAN KOTZE
ATTORNEYS /PROKUREURS
ARAMELI

THE RESCUE SHOP

1st FLOOR/VLOER
IVH CENTRE / SENTRUM
LEEUWPOORTSTRAAT 142 LEEUWPOORT STREET
BOKSBURG
E-MAIL / E-POS: juan@therescueshop.co.za
DOCEX 19, BOKSBURG

P.O. BOX / POSBUS 1314
BOKSBURG 1460
TEL: (011) 892-1018/9
FAX / FAKS: 011-917 3489

Ons verwysing: Mnr Kotze 7 November 2018.

U verwysing: Dr Els

Dr Herman Els,

NHSA,

Beste Herman,

MISLEIDENDE PERSVERKLARING VAN 7 NOVEMBER 2018 OOR HERLISENSIËRING VAN VUURWAPENS.

1. Ek het kennis geneem van ‘n “persverklaring” wat vandag in die sosiale media die rondte doen waarvolgens die Hooggeregshof ‘n bevel sou maak **waarvolgens vuurwapenslisensies wat verval het, nou hernu kan word.**

2. **Dit is ongelukkig nie die ware regsposisie nie**. Dit is fopnuus wat gebasseer is op die tussentydse hofbevel wat reeds op 27 Julie 2018 in die Noord Gautengse Hooggeregshof, Pretoria, deur regter

Prinsloo gegee is, toe hy gelas het dat die Polisie verbied word om vuurwapeneienaars, wie se wit lisensies verval het sonder dat hul dit betyds hernu het, met vervolging te dreig of om hul vuurwapens in te neem vir vernietiging **hangende die uitslag van die hoofaansoek**.

3. In die hoofaansoek (wat nog glad nie aangehoor is nie) sal aansoek gedoen word dat die Polisie gelas moet word om lisensies, wat reeds verval het, na die vervaldatum te herlisensieer.

4. Die Polisie se rekenaarsisteem maak tans nie voorsiening vir sodanige hernuwing nie en **daar is nog geen bevel verleen om die Polisie te dwing om sulke aansoeke te prosesseer nie.** Vuurwapeneienaars moet gevolglik nie verwag om binnekort suksesvol hul vervalle vuurwapenlisensies te laat hernu nie.

5. Tans is die praatjies oor die amnestie baie stil, maar ek sal u in kennis stel indien daar enigiets op die vuurwapenfront gebeur wat die moeite werd is om van kennis te neem.

6. Ek moet die opmerking maak dat ek meen dat dit baie onverantwoordelik is om sulke misleidende gerugte die wêreld in te stuur, want dit veroorsaak aansienlike verwarring onder vuurwapeneienaars en vertroebel die verhouding met die Polisie.

Die uwe.

JUAN KOTZE